**PARKSIG**
**EIENDOMSAGENTSKAP**
* HUISE
* PLASE
* PLOTTE
* BESIGHEDE
* STANDPLASE

*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 ——— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

**CLAASSEN & GROBLER**
**(EDMS.) BPK.**
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ *MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS*

JAARGANG XIX — MAANDAG 9 MAART 1964 — NR. 2
OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

*DR. P. KOORNHOF:*

# VOLK IN STRYD OM HOMSELF TE HANDHAAF!

**„DIE P.U. moet inderwaarheid wees die spier wat nie gekeer wil word nie, die gebalde vuis van die jeug van Suid-Afrika". Met hierdie woorde het dr. Piet Koornhof begin toe hy die plaaslike A.S.B. tak toegespreek het verlede Woensdagaand.**

**Dr. Koornhof sien hierdie stryd in drierlei lig, nl: In die eerste plek gaan dit om die Republiek staande te hou, dit gaan daarom om die Republiek blank te hou, en dit gaan om te sorg dat ander bevolkingsgroepe volkome geluk deelagtig sal wees.**

**As 'n volk in stryd om homself te handhaaf voortgaan, sal dit afhang van sy jeug. In hierdie feit lê ons hele toekoms opgesluit. Suid-Afrika se grootste bate lê in sy jeug, in sy mensemateriaal.**

Ons volk is een van die wat tel onder die kleinste in die hele wêreld, as gevolg daarvan kan geen van ons kragte verspil raak nie. Almal moet produktief meedoen.

Dr. Koornhof vervolg deur aan te haal uit die manifes van die Nasionale Party van 1947, waar reeds toe besef is dat ons in die land net in twee rigtings kan beweeg: Integrasie of segregasie. Die ideaal wat toe reeds gestel is, is die van uiteindelike territoriale apartheid vir alle bevolkingsgroepe. Kort daarna kom die Nasionale Party aan bewind en word dit sy taak, om dit wat hy ten doel en ideaal gestel het, in die praktyk toe te pas.

Reeds in 1932 het die „Native Affairs Economic Commission" die Transkei gesien as die beste tuisland vir die Bantoe. In weerwil van sy latere optrede het selfs wyle Genl. Smuts segregasie gesien as 'n vrugtevolle toekoms-riglyn.

Met sy bewinds aanvaarding is die eerste taak wat die Nasionale Party dan ook aanpak, die daarstelling van die Tomlinson-kommissie. Na 'n deurtastende ondersoek kom hulle dan ook tot die volgende konklusie:

In die jaar 2,000 sal daar ongeveer 24-miljoen nie-Blankes in Suid-Afrika wees. Die blanke gevolking sal omtrent 6 miljoen tel. As die ontwikkeling sou voortgaan soos voor die bewindaanvaarding van die N.P., sal van die 24 miljoen nie-blankes ongeveer 18 miljoen in die blanke gebied woonagtig wees. As daar egter voortgegaan kan word met die beleid soos deur die Tomlinson-kommissie voorgelê, sal daar in die jaar 2,000, ongeveer 6 miljoen nie-blankes in blanke gebied woonagtig wees, teenoor die 18 miljoen nie-blankes in hulle natuurlike tuisland.

Dr. Koornhof stel dit baie pertinent dat as ons kan voortgaan soos deur hulle aanbeveel, sal ons ons blankedom kan behou. Anders staar 'n bloedlose nederlaag ons in die gesig bloot deur die nieblanke oorwig.

Die toekoms van die blankedom hang nie af van buitelandse invloede of militêre krag nie, ons volk is voortdurend in 'n krisis om van die aardbol af te verdwyn.

Die Tomlinson- verslag het veral voorgestaan dat die tempo van ontwikkeling in die Bantoegebiede moet plaasvind met die hulp van die regering en dan veral d.m.v. blanke ondernemers. Dit is egter vierkantig deur dr. Verwoerd teengestaan. Deur so 'n stap sou die beleid van apartheid vir ewig die nek ingeslaan gewees het.

Die geskiedenis het aan ons bewys dat die koloniserende moonthede nog altyd die basiese fout gemaak het, om elke keer ekonomiese belang te verkry in die kolonies. Hierin lê die kiem opgesluit vir 'n toekomstige nederlaag, die saadjie van eie ondergang. en so is dit ook deur dr. Verwoerd ingesien.

Die Bantoe het bewys hoe gevoelig hulle is vir ekonomiese uitbuiting. Die blanke wat sterker is, veral ekonomies, sal beslis die Bantoe uitbuit. Daarom is bevind dat dit nie kan gebeur dat blanke ondernemers toegelaat mag word in Bantoe tuislande nie. In so 'n geval kan die Bantoe met reg, as sake skeef loop, die vinger na dr. Verwoerd rig.

Die Bantoe wil self self-
(Vervolg op Bladsy 3)

## Prof. Chris gee weer klas

Prof. dr. Chris Coetzee wat aan die einde van die jaar as rektor van die P.U. afgetree het, is deur die raad van die universiteit versoek om vir 1964, vir die departement van opvoedkunde as plaasvervanger op te tree vir prof. dr. H. J. J. Bingle, wat met ingang van Januarie 1964 as rektor van die P.U. vir C.H.O. opgevolg het.

Prof. Coetzee het in Desember 1953 rektor van die P.U. geword, nadat hy in 1925 as voltydse dosent aan die destydse P.U.K. benoem is. Hy het in die jare 1919—1924 deeltyds aan die P.U.K. gedoseer.

# Prof.. Dr. H. J. J. Bing[e] -- ons nuwe Rektor

**PROF. H. J. BINGLE wat die afgelope jaar as ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysadviesraad opgetree het, is op die 20ste November 1963 deur die Raad van die P.U. vir C.H.O. as nuwe rektor benoem.**

**Dit is 'n baie gewigtige benoeming, want al is die rektor eintlik maar die hoof-uitvoerende amptenaar van die Raad, is hy nogtans dié amptenaar van wie die belangrikste beslissings in sake van uiteenlopende aard gevra word: hoogs akademies, hoogs tegnies, hoogs administratief, tot dikwels die kleinste en selfs die banaalste dinge. Maar daartenbowe is hy die deur almal gesiene hoof van die inrigting, is hy die vernaamste „gesig" van die universiteit, in wie die karakter en strewe van die universiteit die duidelikste tot openbaring kom.**

En nou lyk dit nogtans dat dit vir die Raad nie 'n moeilike besluit kon gewees het nie, want die benoemde prof. dr. H. J. J. Bingle was as't ware vir die benoeming geskik en voorbery.



**TWEEDE SEUN**

Prof. Bingle is die tweede seun van wyle ds. en mev. P. W. Bingle. Hy het in 1928 op 17 jarige leeftyd student aan die destydse P.U.K. geword. In 1930 verwerf hy die B.A.-graad en in 1931 die H.O.D.

Hy het in 1935 die graad M.Ed. en in 1940 die graad D.Phil. behaal.

Prof. Bingle was dertien jaar onderwyser en het nege jaar op die personeel van die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg gedien. Hy is in 1945 as senior lektor in opvoedkunde aan die P.U.K. aangestel. In die jaar 1950 word hy Professor en was van 1952—1961 dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde.

**WAARGENEEM**

Prof. Bingle was sedert 1962 ondervoorsitter van die
(Vervolg op Bladsy 3)

# In Memoriam

## Registrateur STEPHANUS DU TOIT



**TOE mnr. Du Toit op die aand van 21 Desember 1963 'n geweldige pynaanval op maag en hart gehad het, het min van sy groot vriendekring kon dink dat dit die voorspel sou wees vir die dodelike aanval op 24 Januarie 1964.**

**Toe mnr. en mev. Du Toit vir my vrou en my kom groet het op 9 Januarie met die oog op hul vertrek per motor na Kaapstad vir 'n kort vakansie op Vishoek en vir sy bywoning van die vergadering van die Komitee van Universiteitshoofde, het ons nie kon dink dat ons hom nooit weer in lewe sou sien nie. Hy was oënskynlik so fris en gesond, en so vol lewe en moed!**

**Toe in die nag tussen 24 en 25 Januarie ons uit Kaapstad die verpletterende foonberig ontvang het dat mnr. Du Toit die aand van 24 Januarie skielik aan die gevreesde hartaanval beswyk het, was ons stom van skok en verdriet; van slaap en rus was daar daardie nag geen sprake meer nie.**

**Toe ons mev. Du Toit op 27 Januarie aan haar huis gaan besoek het, het ons wel met die verstand geweet dat hy nie meer daar is nie maar met die hart kon ons dit eenvoudig nie aanvaar nie: hy wat altyd so kragtig in lewenslustig was, was nie meer daar nie.**

**Toe ons op 29 Januarie in die Gereformeerde Kerkgebou, Potchefstroom-Noord bymekaar gekom het om sy begrafnis by te woon was ons almal verstom en verslae.**

**By daardie geleentheid moes ek na die Rektor, prof. dr. H. J. J. Bingle, 'n amptelike woord gespreek het, 'n persoonlike woord oor hom en tot sy nabestaandes.**

**In die moment van groot verslaenheid en ontroe-**
(Vervolg op Bladsy 3)

# STUDENTEVERENIGING KIES NUWE BESTUUR

**IN AANSLUITING by die nuwe gedagterigting om die suiwer akademiese feitekennis aan te vul en uit te bou op sosiaal-akademiese vlak, is op Dinsdag, 3 Maart, 'n Persvereniging deur die studente van die Departement Perswetenskap gestig.**

Die voorgestelde doelstelling van die vereniging is om 'n studentevereniging daar te stel waar studente op 'n wetenskaplike en sosiale vlak kennis kan verwerf, sienswyses kan wissel en die belange van die Joernalistiek, na binne en na buite, kan bevorder volgens die beginsel van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die voorsitter het gesê dat die stigting van die vereniging die gevolg is van inisiatief wat van die kant van die studente self gekom het. Hy wys daarop dat die Departement Perswetenskap 'n jong departement aan die Universiteit is wat nou eers vyf jaar oud is en dat die stigting van hierdie vereniging 'n stap is wat van die grootste belang vir die Departement Perswetenskap is.

Die onmiddellike toekomsplanne vir die vereniging is eerstens om mee te help om die kennis van die Joernalistiek uit te brei op Akademiese vlak. Op sosiale vlak word 'n „Kenmekaar-aand" in die vooruitsig gestel sodat die lede mekaar op gesellige voet kan leer ken.

Op die stigtingsvergadering het die vraag of die verenigng 'n geslote vereniging moet wees en of ander persone wat nie lede van die Departement Perswetenskap is nie, ook lede van die vereniging mag word, onder bespreking gekom. Daar is nog nie finaal oor hierdie bepaling besluit nie en dit sal op die volgende vergadering deur stemming beslis word.

Die volgende persone is verkies tot bestuurslede vir 1964:

Voorsitter: mnr. Schalk Hoogenboezem;

Ondervoorsitter: mnr. Ghibeau Gerber;

Sekretaris: mnr. Arrie de Beer;

Penningmeester: mnr. Peet Smit;

Dameslid: mej. Nettie Pienaar;

Manslid: mnr. Cas de Villiers;

Organiseerder: mnr. Bernard Helberg.

Mnr. Schalk Hoogenboezem was nie alleen student in die eerste Perswetenskap klas toe die kursus vir die eerste jaar aan die Universiteit aangebied is nie, maar is ook die eerste M.A. student in Perswetenskap.

'n Groot aantal Perswetenskapstudente het die stigtingsvergadering bygewoon en dit is duidelik dat daar beslis groot belangstelling vir hierdie nuwe vereniging onder die studente heers.

## Collegium Musicum-program

Peggy Haddon en Pieter de Villiers het Vrydagaand, 28 Februarie, 'n program van klaviermusiek vir vier hande aangebied in die konservatoriumsaal.

Hulle het werke van Mozart, Beethoven, Schubert, Dvorak, Gabriel Fauré, John Joubert en Arnold van Wyk gespeel.

Die werke van laasgenoemde komponis was improvisasies op Nederlandse Volkswysies. Onder andere: „Een Triomfantlike Lied van de Zilvervloot.

## Interkoshuis skaakkompetisie

Na drie maande van harde arbeid, het die groot rus weer aangebreek en om die tyd te verwyl is daar sommer so met die intrapslag met die jaarlikse interkoshuis skaakkompetisie begin.

Tot met die datum van hierdie skrywe was die uitslae as volg:

| | |
|---|---|
| Uitspan | 10 |
| Dawie Dup. | 8 |
| Dames | 8 |
| Dorp | 6 |
| Over de Voor | 4 |
| Heimat | 4 |

Dit lyk egter asof hier nog hard gedink gaan word, want een van die dae gaan ons probeer om Pote te leer dink. Dit sal ten seerste waardeer word as daar van buite gehelp word om te konsentreer. Komaan mense—dit is nie so moeilik nie, kom ondersteun ons!

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

GRADEDAG

ONTHOU . . .

DAAR IS NET ENKELE DAE TUSSEN DIE KORT VAKANSIE EN SATERDAG!

BESPREEK VROEGTYDIG!

NATUURLIK BY

FOTOKUNS

Tomstraat 82 Telefoon 3185

POTCHEFSTROOM

# Wekroep Vir Vreugdedag

Pukke, Vreugdedag van 1964 is op ons drumpel, met 'n duurte vanaf 13—21 Maart; 'n Aanbieding uniek aan sy soort t.o.v. die tradisionele Vreugdedag wat in die verlede slegs bestaan het uit die Vlotoptog en straatkollekte. Vreugdedag komitee poog om aan u iets nuuts te bied, en elke Puk te aktifeer tot intensiewe deelname.

Liefdadigheid hang ten nouste saam met ons Christelike Universiteit se Calvinistiese grondslag en strewe, wat ons moet poog om so konsekwent as moontlik uit te leef. Met die Vreugdedag poging antwoord ons op die noodroep van ons volk se minderbevoorregtes. Kan ons as Christelike Universiteit ons in die verlede ten volle verantwoord ten opsigte van hierdie grootse saak? Is ons net bereid om voorregte en gawes te ontvang, maar nie bereidwillig om te gee, wanneer die geleentheid gebied word nie? Besef u watter geweldige taak op u rus as lede van 'n klein Universiteit, waar eenheidsoptrede onontbeerlik is!

Vreugdedag is nie die komitee se dag nie of Eerstejaars of Seniors se dag nie. Dit is ons almal se dag. Dit gaan nie om ons eie gewin nie, maar ten dienste van ons minder bevoorregte bevolkingsgroep. Ons houding teenoor hulle mag nie wees: Laat Gods water oor Gods akker loop nie". Dit is pligsversuiming.

Ons Noodroep tot u Studente van die P.U. vir C.H.O. om in hierdie jaar 1964 u volle steun, lojale bystand en samewerking te bied. Elkeen van u se steun is essensieël in hierdie aktuele saak wat ons alma mater loods. Laat ons as eenheid opruk na al die aksies, begeester met 'n entoesiasme tot welslae en sukses P.U. - kaners laat Vreugdedag van 1964 in die anale van ons P.U. opgeteken staan as die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van hierdie Universiteit. Die geleentheid tot 'n hoogtepunt is in u midde. Met u morele steun en gulhartige samewerking kan groot sukses behaal word. Ons vertroue is ten volle op u geplaas en ons wens u 'n vreugdevolle en geslaagde week toe.

Laat ons werk en strewe wees „In U lig".

J. E. BRADLEY,
Voorsitter.

## Thalia vanjaar na Boland

Vanjaar toer die Thalia Toneelvereniging na 'n deel van die land waarheen nog geen toer van so 'n aard van die Puk hom heen begewe het nie. —nl. na die Boland. Thalia wil poog om ons universiteit in hierdie gebied bekend te stel aangesien die Puk daar redelik onbekend is. Die toer sal vier weke duur en word natuurlik weer in die Julievakansie onderneem.

Die eerstejaarstuk, 'n eenbedryf, word nou op 16 Maart opgevoer i.p.v. op 9 Maart soos in die sakboekie aangedui is. Dit is gedoen om in te pas met die Vreugdedagweek om sodoende as deel van 'n programaand te dien.

Die rollesing vir die toerstuk word nou gehou eerskomende Dinsdag, 10 Maart. Daar word 'n rekord aantal voornemende toerlede en spelers die aand verwag.

# POËSIE EN PROSA

**„DIE taalmomente wat latent in taal is, is in die poësie die heel intensiefste geëksploiteer." Hierdie stelling is deur prof. Cloete gemaak tydens 'n vergadering van die Letterkundige Vereniging wat gehou is op Dinsdagaand, 3 Maart, in die hoofgebou.**

Professor Cloete het sy praatjie begin deur die vraag: Hoekom lees u? te antwoord. Vir hom is daar drie moontlike antwoorde: omdat dit mooi is, of om weg te kom uit jou eie denkwêreld, of omdat ons reise onderneem as ons lees. Laasgenoemde is egter die raakste en mees bevredigendste antwoord. Uit die taal word 'n wêreld gemaak en dit is basies ons verwondering en so word die individu se smaak gewis bevorder. Dan bestudeer hy die taalmiddele en dan vra hy nie net meer **wat** nie maar ook **hoe.**

Van al die baie leesstof is die drama sekerlik die moeilikste maar dit word nog oortref deur die poësie.

Voorts het hy die taalmomente behandel en hulle funksies.

Die taalmomente vorm altyd 'n eenheid met mekaar en dit kan die beste geïllustreer word deur te let op die Engelse woorde **units** wat saamgevoeg 'n **unity** vorm. „Die woordkunswerk is 'n multiplekse struktuur."

In die gewone spraak is die klank net draer van die betekenis maar die digter ontgin dit wel deeglik dat taal klank is.

Dit ritme is 'n belangrike aspek in die poësie en ook meer funksioneel daar as in die prosa, alhoewel die prosa nooit daarvan ontdaan is nie.

Professor Cloete het dit treffend gestel deur te sê dat „die ritme die vingerafdruk van die taal" is. Daar bestaan nie twee gedigte met dieselfde ritme nie. Die digter werk anders as enige ander kunstenaar met die woord. Die gedig is meestal 'n eksperiment met die taal. Die poësie word so moeilik omdat die digter altyd die woordbetekenis tot die uiterste analiseer.

Die roman word dikwels afgeskeep omdat dit moeilik is en gewoonlik so omvattend en lywig is. Daar bestaan eintlik net drie romans naamlik die karakter-, tydruimte- en die gebeureroman. Alles berus op die dialoog in 'n drama. Die drama is nie suiwer literatuur nie en is een van die mees gekompliseerde vorme.

Die Letterkundige - Vergadering is ook bygewoon deur ander dosente naamlik prof. Venter en mej. Ross van die Engelse departement. Die belangstelling was besonder groot, veral van die non-lede.

## Die Dubbelbed

Die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK) het Saterdagaand, 29 Februarie, weereens gesuggereer dat hulle die standaard wat hulle met die GEBREEKTE KRUIK gestel het nog handhaaf.

Dit was 'n verblydende ontvangs in 'n stampvol saal en is effens te betreur dat daar so min Pukke teenwoordig was om die genoegsame humoristiese teks te geniet. Daar was tydig en ontydig in die teks „lekker los" atmosfeer.

Die hoë lof gaan ook aan die spelers, wat net uit twee bestaan het, en wat voortdurend die belangstelling, aandag en lagspiere geprikkel het.

Dit was duidelik die talent van die spelers wat veel aan die geskrewe gehelp het om die toneelstuk, waar dit effens in die geskrewe gedreig het om te reik na die eentonige, of selfs daarin sou verval het, te red.

Die twee rolle is vertolk deur Pieter Geldenhuys en Joan Brink.

# ONTHEFFINGSDINEE -- SAAL OORVOL

A.g.v. 'n misberekening van die kant van die komitee is meer kaartjies vir die dinee verkoop as wat daar plek was aan die tafels. Ongelukkig moes daar toe 'n aantal van die Dineegangers op die gallery gaan plek inneem het, waarheen verversings vir hulle geneem is. Origens was die dinee egter 'n sukses en was die saal besonder mooi versier.

Prof. J. A. Venter het die heildronk op die eerstejaars ingestel. Eerstejaar Dirk Wijnbeeck het namens die eerstejaars hierop ge-antwoord. Op 'n baie geslaagde en humoristiese wyse het Prof Ryke van die Dierkundedepartement, 'n heildronk op die ouhere en -dames ingestel. Mnr. Fanie du Plessis, die S.R.-voorsitter het hierop geantwoord.

Op aandrang van die studente teenwoordig het die rektor prof. H. J. J. Bingle op baie pittige wyse sy nooienstoespraak voor die studentemassa gelewer.

# In Memoriam

(Vervolg van Bladsy 1)

ring het ek min of meer soos volg my tot die hoorders gewend. „Ek wil vanmiddag 'n klaagwoord, 'n getuienis, 'n dankwoord uitspreek oor 'n afgestorwe vriend, 'n heengegane metgesel, 'n neergevelde wapenbroer.

Soos 'n Dawid sy neergevelde vriend aangespreek het, so wil ek vanmiddag doen: Ek is benoud om jou ontwil, my broer Stephanus du Toit. Jy was vir my lieflik, beminlik en bemind. En jou roem wil ek noem: jy was vinniger as 'n arend en sterker as 'n leeu.

Stephanus du Toit het op 1 Desember 1927 as Assistent-registrateur aan die P.U.K. begin werk. In 1938 het hy volle Registrateur geword en in 1949 ook die amptelike sekretaris van die Raad en die Senaat van die P.U.K. vir C.H.O. In daardie jaar het sowel ons Rektor, prof. dr. F. Postma as die ondervoorsitter van ons Senaat, prof. J. C. van Rooy, ernstig siek geword en moes ek as oudste dekaan in hul plekke waarneem. Dit het meegebring dat mnr. Du Toit en ek van 1949 innig moes saamwerk. Toe ek op 1 Desember 1953 Rektor geword het, het die daelikse band van vriend, metgesel en wapenbroer steeds hegter geword. Ons het ses dae in die week gedurig met mekaar gespreek, gekonfereer en tot besluite gekom, wat ek moes neem en hy moes uitvoer. Vir my was hy meer as die getrouste en bekwaamste amptenaar: hy was my vertroueling, my raadgewer, my regterhand. As vriende en metgeselle was ons ook wapenbroers onverbiddelik in ons stryd om Christelike hoër onderwys: vir die P.U. vir C.H.O. het hy gelewe en . . . gesterwe.

As vriend was hy getrou opofferend, vrygewig, ootmoedig, beminlik, alles vir almal en min vir homself. Waar hy kon wees, was hy: die eerste om 'n mens geluk te wens met jou huwelik (meestal as seremoniemeester), om saam met jou bly te wees oor die geboorte van 'n kind, die getroue aanwesige by 'n troue, om 'n mens die beste toe te wens met jou benoeming en/of bevordering, of getrou jou te besoek met siekte en . . . om die eerste te wees by dood in jou huis om met 'n warm handdruk en ontroerde gesig en ontroerende woorde jou te versterk.

As metgesel was hy innemend, aanmoedigend, opgeruimd en kinderlik-weetgierig. Hy was 'n steun en 'n pilaar; glimlaggend, nooit haatdraend nie, nog minder kwaadwillig.

As wapenbroer was hy tot die dood toe aan jou sy; hy het jou gehelp en bedien, self gewerk en hard geveg, andere altyd tot voorbeeld. Hy het van sy medewerkers alles geëis maar hy het self ook alles gegee: as organiseerder en administreerder uitnemend, stipt en korrek; as kenner van die Akademie onoortreflik; as begaafde finansier uiters versigtig en ondernemend: as raadgewer vir Rektor, personeel en studente onkreukbaar en betroubaar verstandig; as hoof van die Administrasie veeleisend, voorbeeldig, streng en hardwerkend.

Ook buite die akademie het hy 'n ruim plek ingeneem. Hy was 'n liefhebber van die goeie sport in alle vorme, selfs 'n eersterangse rugbyspeler, 'n vinnige en ratse atleet, a goeie tennispeler, 'n vaardige swemmer. Die Universiteit het nie sonder rede sy sportvelde in die omgewing van De Oude Molen die Fanie du Toit-sportvelde gaan noem nie. Hy as finansiële vakman lid van verskeie finansiële ondernemings in ons stad. Die Raad het goed gedoen toe hy op advies van die Senaat aan mnr. Du Toit die graad M. Comm., honoris causa, toegeken het—inderdaad 'n welverdiende onderskeiding.

..Ek eindig deur aan mev. Du Toit, kinders en familie ons opregte deelneming te betuig maar ook aan haar ons dank uit te spreek vir wat sy alles gedoen en opgeoffer het om mnr. Du Toit die groot dienskneg van ons Universiteit te maak.

Maar—en dit betaam ons as gelowiges—ons dank boweal ons Hemelse Vader dat Hy ons as vriende en aan ons Universiteit hierdie goeie mens gegee het: 'n man diep onder die besef van eie swakheid en juis daardeur groot in sy vriendskap en diens."

J. CHR. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.
24 Februarie 1964.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

Tel. Nrs. **12 en 2582**

Kerkstraat 122 Posbus 171

# Prof Bingle: Ons Nuwe Rektor

(Vervolg van Bladsy 1)

P.U.-senaat, en as sodanig ook lid van die Raad. Tydens die afwesigheid van Prof. J. Chris Coetzee het prof. Bingle verlede jaar twee maande lank as rektor van die universiteit waargeneem.

### MENIGTE RADE

Hy dien op 'n menigte rade en organisasies, o.a. as lid van die Raad van die Universiteitskollege van die Noorde; die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Onderwyskomitee van die F.A.K. Hy is voorsitter van die Beheerraad van die ouer-onderwysvereniging van die Hoër Gimnasium Potchefstroom, hy is lid van die komitee insake opvoedkundige sielkunde van die N.R.S.N. en direkteur van die Transvaalse Helpmekaar studiefonds.

### HOOFREDAKTEUR

Prof. Bingle wat drie jaar lank lid was van die Transvaalse Adviesraad vir Onderwys, dien in verskeie deputaatskappe in verband met die onderwys van die Gereformeerde Kerk en is hoofredakteur van die handboeke vir godsdiensonderrig van die drie Afrikaanse Kerke. Hy is ook lid van die inter-kerklike komitee vir onderwys en opvoeding van die drie kerke.

### AKADEMIKUS

As akademikus staan prof. Bingle hoog aangeskryf. Onder sy leiding het 35 studente die graad M.Ed. verwerf en 25 die graad D.Ed. Net een Suid-Afrikaans hoogelaar het vir meer doktorale studente as promotor opgetree, en dit is sy voorganger prof. dr. J. Chris Coetzee, wat 53 doktorale studente gehad het.

### PUBLIKASIES

Prof. Bingle het hom ingestudeer in die Christelik-nasionaal onderwys en die godsdiensonderrig op skool.

Hy het heelwat op die gebied van onderwys gepubliseer, in besonder oor die godsdiensonderwys. Saam met prof. Coetzee het hy publikasies oor die beginsels en metodes van die laeronderwys en oor die beginsels en metodes van hoër onderwys gelewer.

Maar aan die universiteit het hy ook organisatories en opvoedend belangrike werk gedoen.

Namens die Studente van ons Universiteit wens ons hom—en saam met hom ook mev. Bingle—van harte geluk met die hoë onderskeiding. Ons bid hulle die seën van die Here toe in die hoogverantwoordelike Kroonamp waarin hy nou staan. Mag hy as goeie en getroue dienskneg sy bestemde bydrae lewer ter uitbouing van ons kleinood „In U Lig".

# Volk In Stryd

(Vervolg van Bladsy 1)

standig wees, dit is bewys deur die optrede van Matanzima teenoor die blanke handelaars. Uit sy houding teenoor die blanke ondernemers kan dit maklik gekonkludeer word.

Die Tomlinson-verslag het die volk wakker geskud vir die gevaar van 'n bloedlose oorgawe. Die antwoord het vir die blankedom gekom in die feit dat die Bantoe self die ondernemings moet behartig. Die Bantoe moet self ondernemer word.

Een van die grootste probleme, volgens dr. Koornhof, is die feit dat daar geen Bantoe-ondernemers is nie. Daarom dat die beleid van die regering en van eiesoortige ontwikkeling afgestuur het op Bantoe-onderwys. Dit is daar gestel om die Bantoe op te hef, op te lei en in staat te stel om sy eie sake te behartig, soos die Bantoe-parlement in die Transkei.

Dit is die grootste daad van dr. Verwoerd, die stryd om selfhandhawing wat meer as tien jaar gelede op vaste fondament gelê is. Volgens dr. Verwoerd verwerf ons 'n erfenis van territoriale skeiding; ons kan slegs die fondamente lê en die rigting aandui. Ons, die jeug, is die geslag wat sal moet oordeel of ons die rigting geslaagd uitgebou het.

Die krag lê in die kleine, ons is klein, maar die krag is besig om voort te kom uit die kleine, mits ons vertrouend bly op 'n Almagtige God wat alles bestier en rig.

**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 88b en 88c

*KOM KYK NA ONS . . . N-U-W-E PERSEEL!*

**ONDERSTEUN OUD-PUKKE**




*Elke Sigaret 'n Meesterstuk*

IN SUID-AFRIKA VERVAARDIG

VRFA 102

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# ONTGROENI



Aanvallige jonge dames uit die obskure weivelde van die hoërskole.



So my boet, so word jy in die ontgroening gegroet.



Weg met die drake en dore wat die Campus vir hulself toeëien!



DIE SAAK: Staat versus Draak — BEVINDING: Skuldig sonder getuienis!

By die ontheffingsdinee het die ou-dames en ou-here se gesigte gehang, want die ontgroening het hul gevang.





So word 'n Pukskandaal gedoem

# NG (Fotobeeld)


*(Foto's met dank aan Fotokuns)*



*Groot Hans teen Klein Generaal Oelfie, met poging tot arbitrasie deur Wit Stefaans van die Banneling-regering.*



*So lyk dit in die pomp, die eerstejaars se kompleks word afgestamp*



*Na die inlywing volg die invry—wing*

*Met baard en tand bring ons die name aan 'n draak se verstand*





***Die onbekende toekoms!***

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette
*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*
KERKSTR. 143 TEL. 709

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes
(Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

die Wapad

# REDAKSIONEEL

Op Interuniversitêre vlak is die stryd tussen die A.S.B. en Nusas in volle swang, sedert 'n paar maande gelede op sy ergste. Nusas het tot dusver beslis nie baie gebaat by of voordeel getrek uit hierdie stryd nie, want sedertdien het 'n aansienlike deel van sy ondersteuners hul steun aan hom onttrek.

Nusas is beslis nie op goeie voet met enige regdenkende en regsgesinde instansie in die Republiek nie, want ook in die Minister van Justisie het hulle 'n gesworе vyand. Dan blyk dit ook dat Nusas homself die misnoeë van sommige van sy buitelandse ondersteuners op die hals gehaal het met die wangedrag van sommige van sy lede tydens 'n onlangse toer na Europa. Dit wil dus voorkom asof Nusas op die oomblik die winde van verandering reg van voor kry, en dat dit hom blykbaar baie hoofbrekens besorg. Dit is naastenby tyd dat so-iets gebeur, want in die afgelope aantal jare het dié liggaam beslis 'n sterk Rooi kleur begin ontwikkel, sterk anti-Suid-Afrikaansgesind.

Die Engelse student begin nou vinnig besef dat die saak nou nie meer om die belange van die Afrikaans- of Engelssprekende gaan nie, dog om die voortbestaan van die blanke nasie in Suid-Afrika, dus diegene wat blank Suid-Afrika bo hul taaloortuigings en idees stel. Die tyd is ryp dat die verhoudinge tussen sodanige studente, afgesien van die taal wat hul praat, verbeter word, en daarom kan die hoop uitgespreek dat die Kontakbeleid van die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. spoedig opgevolg sal word, van die kant van Afrikaanse sowel as van Engelse universiteite.

Reeds vanaf Dinsdag 11 Februarie het die nuwe aankomelinge, sg. Eerstejaars, hier op Potchefstroom begin aankom. Hulle kan ook nou al praat van „daardie eerste dag sal ek darem nie vergeet nie". Die eerste twee dae het dit nog goed gegaan, want toe was hier nog geen seniors nie, maar van Donderdag af het hulle uit alle oorde begin opdaag. Die ontgroening het voorgelê en ag, hoe het die slepers (met al die grepe wat die Rektor spottenderwys genoem het) hulle nie weer geniet nie.

As ons nou terugkyk dan lê die dinge reeds 'n ent terug in die verlede. Kyk ons vorentoe dan wag daar 'n onbekende toekoms op ons. Dit is 'n jaar vol werksaamhede. Die akademie, sosiale bedrywighede, sport e.d.m. Vir sommige lyk die toekoms mooi en skoon, maar vir ander lyk dit minder goed. As ware Pukke moet ons egter onthou dat in al ons handel, spel en werk ons ons werk „In U Lig moet doen.

Ons moet nie alleen aan ons self verantwoording doen vir al ons dade nie, maar ook aan Hoër Hand. Ons moet aan die P.U. vir C.H.O. leer om mense uit een stuk te wees, gesond na liggaam en na gees.

Om 'n ware Puk student te wees is 'n groot voorreg. Daarom hoop ons dat vanjaar se eerstejaars hul Universiteit se leuse asook hul Universiteit waardig sal wees en dit sal help uitbou. As ons alles „In U Lig" doen dan behoort dit met ons goed te gaan in 1964.

## Pukke na Intervarsity

Die oorwinning teen Strathvaal 9—7 op 30 November 1963 van die waterpolospan, het die swemspan groot inspirasie gegee vir die Intervarsity in Kaapstad.

Deurdat A. Jansen en N. Enslin nie kon saamgaan nie was die span tot sewe spelers gekortwiek en moes elke speler alle wedstryde speel. Omdat elke speler so fiks soos 'n vis was, het die Pukke gespeel soos Wes-Transvaalse leeus. Deur te min ervaring kon hulle die standaard van die toernooi nie volhou en moes hulle grotendeels 'n verdedigende spel speel.

Omdat die waterpolospan eers in September 1963 gestig is en slegs drie spelers voorheen gespeel het, was dit verbasend om te sien hoe Ikeys die eerste vyf minute moes uithaal om twee punte te kry om saam te bly met die Pukke.

Die uitslae was U.C.T. 17, Puk 3, waar dr. Dekker twee doele en Q. Hakkesteeg een doel aangeteken het, Natal 10, Puk 5, en Tukkies 16, Puk 1, waar dr. Dekker al die doele aangeteken het.

Hierdie jaar sal al die spelers weer speel en deur die ondervinding wat verlede jaar opgedoen is, behoort die span baie sterker te wees en beter te presteer.

Die dames kon nie veel bereik nie vanweë die kwaai kompetisie, terwyl mej. L. Kruger haar enkel ernstig beseer het sodat sy nie kon deelneem nie.

Die uitslae van die Wes-Transvaalse liga was: P.O.K. 3, Pukke 9; Western Reefs 13, Pukke 7; Garnisoen 10, Pukke 9.

*Cachet Modes*
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
**Mooi Wintermateriaal**
★
**Nomotta-wol in Voorraad**

# In U Lig

Met hierdie woorde begin en eindig die Psalm. Dit is Dawid se uitgangspunt en slotsom in hierdie Psalm waarin hy die heerlikheid van God se werke besing.

Vir Dawid is dit egter nie sonder meer 'n mooie Skepping waarvan hy 'n beskrywing wil gee nie. Nee, dit is vir hom die Skepping van God. Daarom betree hy die heilige terrein met eerbiedenis en sluit hy ook af om in aanbidding aan God die eer te gee wat Hom toekom: „Hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde."

**Psalm 82:10: „O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!"**

So vervul Dawid die funksie waarvoor God die mens in sy Skepping bestem het: Dawid aanbid! Die mens is bestem as aanbidder, verheerliker van God. Daarom, en om geen ander rede nie, is die mens „'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese" (vs. 6). Ja, die mens beklee 'n hoë posisie maar is self nog nie God nie. Daarom ken Dawid sy funksie as aanbidder van God; hy ken die regte „ek-U" verhouding.

In hierdie verhouding van skepsel tot Skepper, verhouding van aanbidding, onderskei die godsdiens van die Skrifgelowige hom van alle ander godsdienste. Immers, dit is die kenmerk van alle ander godsdienste dat hulle hierdie suiwere verhouding verdoesel en daaraan uitgeken kan word as vals.

Immers, as gevolg van die sondeval is die mens steeds besig om God te ontvlug en is alle godsdienste buite God se openbaring omdat wat uit die mens self voort gekom het, niks anders is as pogings om God uit hulle lewe te verdring nie.

So is dit bv. die kenmerk van al die animistiese godsdienste dat hulle die kosmos wil vergoddelik en dus ook hulle self omdat hulle self deel is van die kosmos. Hulle wil selfs sover gaan om die plek van God self in die kosmos te beklee deur die kosmos te beheers met rites en beswerings-formules.

Ja, maar dit is 'n primitiewe godsdiens, sal u miskien antwoord, en dit hoort by die onbeskaafde mens. Sou u dan sê dat die rasionalis wat alles afhanklik wil stel van sy denke, iets anders doen as om hom self tot God te maak? Of, het ons nie die „primitiewe" rites en besweringsformules vervang met die wetenskap en die tegniek waarmee ons die Skepping probeer beheers nie? Gaan die wonder in die skepping vir ons verlore wanneer ons daarin slaag om alles onder die mag van die mikroskoop en die teleskoop te bring en triomfantlik ons bevindings in formules en begrippe vas te lê nie.

Geagte leser, of bring u wetenskap u nes Dawid tot nederige aanbidding? Verdwyn die wonder, wat mens tot aanbidding bring, vir u uit die Skepping of word dit vir u nog elke dag groter? Beskou u nog elke ademtog, elke flits van u brein, elke hartklop, ja ook u geloof as 'n wonder van God? Is elke dag wat God aan ons gee om te beleef vir u nog 'n wonder? Begin en eindig u elke dag met die gebed op u lippe: „O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naaam op die ganse aarde!"


# REDAKSIE

**Hoofredakteur: Weiss Doubell — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel X09.**
**Tegnieseredakteur: Gert de Ru — Tel. X096.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt.**


MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

# Warm uit die Grond



BY ELKE groot man bestaan daar die drang om sy medestryders welkom te heet in sulke verwarde tye soos hierdie—tye waarin een groep booswigte skree: „Africa for the Apes!" en 'n ander groep: „Die Campus vir die eerstejaars!" Analfabetisme en onvolwassenheid vier dus hoogty—kinkel en foljander.

Hierdie welkomswekroep aan oudames en ouhere (ons kom netnou by die ander „studente") beteken dat 'n swaar beskawingstaak op u rus en wag vir hierdie jaar, temidde van sulke ander belangrikhede soos Vreugdedag en Intervarsity . . . en desnoods 'n muisspoegie Akademie. Mag u gedurende hierdie jaar baie vrug vind hier in ons hoofartikel.

**EERSTEJAARS**

Om terug te keer tot die opskrif van ons rubriek: Die warmste goed op die Campus, afgesien van die hittegolf, is natuurlik die eerstejaars, spesifiek die dametjies. Dit lyk gedoriewaar of die twintigste eeuse tydsgees al sy simbole en produkte vanjaar op die Puk kom afweryp het.

Ek dink die Onderwysdepartement moet nou effektief begin raak en elke M.A. Triek dogter en seun leer en laat verstaan hoe veel weet hulle nie. Om op te voed beteken om te bou vir die toekoms. Die dametjies reken hulle is klaar gebou. Dus moet hulle nog opgevoed word . . . of is dit nou opgefoeter word. En reken, die Eerstejaar is nou die dag hospitaal toe met 'n breinbesering . . . nadat hy hom probeer besin het oor wat aangaan in die Taalkunde klas. Genoeg oor julle.

**AKADEMIESE VRYHEID**

Of is dit nou vryerye? Dit kom in elk geval neer op genietinge of so iets. Hier gaan dit om Interkoshuiskapperjolle, spyker, sleep ens. Op laasgenoemde twee fronte word glo hewig „geveg" — geveg om donker hoekies te ontdek (ai, so 'n ondekkingstog), want die verligte eeu word nou in al sy praktiese konsekwensies op die Campus toegepas. En oor geveg om kombinasies te vorm.

So van kombinasies gepraat, die nuutstes lyk glo so:

KYSE:

Hannes van der Walt met sy grotiese indoktrinasie vir Leana Jordaan.

SKOON:

Ordinges het hulle het die „Gold Rush" Handicap met 'n kort kop gewen.

Petrus de Klerk (Balie) en Vienie Steenkamp se alliansie is juridies glo geregverdig.

Hans van Zyl en Wilna Krüger se herversekeringsverdrag word verstewig binne 'n nuwe Alpha Romeo. Nou begin ek wonder oor daardie verhoogde R10 losiesdeposito!

VERLOWING:

Hier het Fanie van Rensburg en Elsa Theron baie geluk. Die ander onthullings wat stene en ring betref, doen ons volgende keer.

Hier word besigheid gemaak. Ons noem net: Engela du Plessis en Nico van der Merwe (2e jaar); Marlene Smit en Louis van der Walt; Riana Coetzee en Maans Pretorius; Liz Badenhorst en Chris van Tukkies; Henriëtte du Plessis en Louis Botha; Maretha Blignaut en Giel van Heldingen (Pote); Martie van Niekerk en Albertus du Plessis; Johanna van Heyningen en Baarm de Villiers.

Die koshuislewe ontbreek glo nie aan lewe nie. Oor Kulu kan ek drie Ensiklopedia Brittanicas skryf: Hulle uitoorlê mense wat hulle poetse probeer bak, hulle serenade glo pragtig en beweer dat hulle so 'n spul mooi eerstejaars het—pas nou op vir 'n Cassius Clay mentaliteit, Kulu. Hulle gelukgebringertjie, 'n brak oorspronklik Lik genoem Spokie, is getrou aan die Kulu-inwoner tradisie gedye" en is nou glo swart. Nou glo ek ook nie meer al die boonste gedeeltes van die Kuluaners nie—hulle hare.

Die relatiewe stilte in die ander koshuise kan seker toegeskryf word aan besinning en mobilisasie vir grootskaalse oorspronklikhede. Die Campus wag in spanning.

Tot 'n volgende keer dan. Wanneer u op 'n kruispad op die Campus kom en moet kies tussen swot en sleep, kies dan swot—dan het u baie tyd om te sleep. As u sleep kies, het u geen tyd om te swot nie.

S. S.

## Tweedejaars-piekniek

Die jaarlikse Tweedejaarspiekniek het op Saterdag, 7 Maart langs die Vaalrivier 3 myl anderkant Parys plaasgevind. Na verneem word, was dit weer 'n groot sukses. Dis egter baie jammer dat die tweedejaars hul piekniek so swak ondersteun het, aangesien dit 'n komitee van tweedejaars is wat die piekniek gereël het.

Onder andere is daar ook in die rivier geswem en Quax Hakkesteeg het 'n nie-amptelike vertoning van waterballet gehou, wat besonder aan Beryll Gray herinner het.

Die vervoer is deur die Pukbus en twee Greyhound-busse behartig, en toe die piekniekgangers die aand op die Puk aangekom het was hulle beslis baie moeg, dog nog so vrolik soos alleen studente kan wees!

Die Tweedejaarskomitee het hul besonder goed van hul taak gekwyt, en verdien beslis die gelukwense van die hele massa.

---

## LIEFDADIGHEID

IN ULIG

## VANAF

## VRYDAG 13 TOT SATERDAG 21 MAART 1964

# RAG PROGRAMME

# VREUGDEDAG-PROGRAM

**VRYDAG 13 MAART**

Kruiwaresies om 4 uur nm.

**SATERDAG 14 MAART**

Pukkieverspreiding

**MAANDAG 16 MAART**

7.30 nm.—Verskeidenheidskonsert in studentesaal.

Toegang: Studente 10c (enkel) 15c per paar. Publiek 20c

4.00 nm. Fietsresies om Kampus

**WOENSDAG 18 MAART**

Filmvertoning in Grond, nl. „Swiss Family Robinson"
Toegang: Middag vir Skoliere 20c. Aand vir Publiek 25c en 35c. Gallery: R1.

**DONDERDAG 19 MAART**

7.30 nm. Opspraakwekkende hofsitting in Studentesaal.
Professore en sakelui — silwerkollekte.

**VRYDAG 20 MAART**

Vlotbouery agter Chemie-laboratorium

**SATERDAG 21 MAART**

9.00 Vlotoptog en kostuumkeuring by Stadsaal
Saterdagmiddag unieke kermis op die Oude Molenterrein

3.30 nm. Boeresport

6.00 nm. Heerlike etes en Alabama-orkes

7.30 nm. Gimnastiekvertoning

9.00 nm. Verrassing

9.30 Gesellige verkeer met Alabama-orkes

11.00 nm. Afsluiting

**Laat Vreugdedag van 1964 die hoogtepunt in die Puk se Geskiedenis wees.**

**U ONDERSTEUNING IS ONS SUKSES!**

## CURRICULUM VITAE

# Gideon Petrus Schoeman

**Gideon Petrus Schoeman is op 21 Oktober 1912 te Potchefstroom gebore. Sy laer onderwys het hy aan die destydse Gimnasium Laerskool en sy middelbare onderwys aan die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom deurloop. Aan die einde van 1931 matrikuleer hy.**

Vanaf 1932 tot 1934 is hy voltydse student aan die destydse P.U.K. vir C.H.O. en behaal die B.A.-graad aan die einde van 1934 met Ekonomie en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke.

In die begin van 1935 begin hy met buitemuurse studie vir die B.Comm.-graad aan die Universiteit van Pretoria. In die begin van 1938 ontvang hy die B.Comm-graad van genoemde Universiteit.

Op 1 Mei 1935 begin hy as Klerk, graad II, by die Departement van Handel en Nywerheid werk. Ongeveer agtien maande later word hy in die Departement Landbou, Afdeling Ekonomie en Marke, aangestel. In 1942 word hy na die Johannesburgse kantoor oorgeplaas waar hy tot einde Mei 1947 werksaam is. Vanaf 1 Junie 1947 word hy as Organiseerder van die destydse P.U.K. vir C.H.O. aangestel. Vanaf 1951 word hy as Assistent-registrateur aangestel en vanaf 1 Januarie 1964 as Adjunk-registrateur. Na die onverwagte heengaan van die vorige Registrateur word hy vanaf 1 Februarie 1964 tot Registrateur bevorder.

Hy is in 1938 met mej. A. F. Viljoen getroud en het vyf kinders.

## Massavergadering

Die eerste massavergadering van 1964 vind plaas D.V. op 17 Maart 1964 in die Totiussaal. 'n Belangrike agendapunt is die verkiesing van 'n nuwe Penningmeester vir die Studenteraad. Die nominasies sluit reeds op 10 Maart 1964 om 1.30 nm.

Die Massavergadering behoort weer baie interessanthede op te lewer, en sal seker soos gewoonlik 'n baie vrugbare bespreking van die massa uitlok. Daar word vertrou dat dit alles weereens daartoe sal dien om die studentelewe aan die P.U. vir C.H.O. suiwer te hou, en reg te laat geskied aan die karakter en beginsels van die universiteit.

## Ledevergadering

Korps bied 'n groep interessante lesings aan in sy programvergaderings gedurende 1964.

By die eerste vergadering op 1 Maart tree Ds. V. E. D'Assonville op met 'n lesing oor „Calvyn as mens". Baie mense noem hulle self Calviniste, maar weet baie min of niks van Calvyn nie. Dit gaan nie om die verheerliking van 'n persoon of sy persoonlike opvattinge nie, maar, sal die Calvinisme sonder kennis van Calvyn—veral omdat leer en lewe by hom so nou verbonde was—nie kwyn nie? Die spreker is 'n Calvyn-kenner by uitnemendheid.

Op 22 April praat prof. Eloff van U.V.O.S. oor „Evolusie". Hy is 'n gesaghebbende op hierdie gebied en gaan uit van 'n Christelike standpunt.

Hiermee wil Korps die Calvinistiese student help toerus vir sy stryd—nou, maar veral na sy vorming.

# Hokkieklub Het Groot Planne

Die hokkie klub is al reeds hard besig met nie-amptelike oefeninge. Die amptelike oefeninge begin reeds Maandag 16 Maart 1964. Die Liga sal in aanvang neem net na die kort vakansie. Die liga vergadering vind plaas op 18 Maart te Stilfontein. Die bestuur is ook hard besig om wedstryde vir die eerste en tweedespanne (mans sowel as dames) teen U.P. te reël. Dit sal wees om vriendskapsbande te versterk met die oog op die 19de Interuniversitêre hokkietoernooi wat deur U.P. aangebied word van 20—25 Julie 1964.

Daar is 'n hele paar seniors wat nou begin maar almal is baie entoesiasties wat hulle hokkie betref. Dit is betreurenswaardig dat die manshokkieklub net 2 of 3 eerstejaarsmans bygekry het.

Die Dameskiub het ook alreeds met nie-amptelike oefeninge begin en groot entoesiasme is getoon deur eerstejaars sowel as seniors gedurende die eerste wedstryd deur die dames gespeel. Die seniors het die eerstejaars met 7—1 gewen. Onder die eerstejaars kan ons die name noem van Santa Benade; (N.Tvl. skole), Jill Joey, (W.-Tvl. skole) en nog 'n paar uitstaandes. Ook die dames sien uit na die hokkietoernooi te Pretoria.

# Kompleks Hou Intertee Met Ons Huis En Oosterhof

Die Kompleks het vanjaar reeds tweemaal 'n intertee gereël, die eerste keer met Ons Huis, en Vrydagaand, 6 Maart, met Oosterhof. Dit blyk dat die dames dit alles besonder baie geniet het, en dit besonder waardeer het om die aande gesellig met die mans van Heimat en Uitspan te verkeer. Daar word van Kompleksmans verneem dat hulle dit besonder baie sal waardeer indien die dames hul voorbeeld sal volg, want so 'n intertee by die dameskoshuise is altyd iets wat groot byval uitlok.

## Old Mutual-beurs toegeken

Mnr. Francois de Villiers het die onderskeiding behaal om die Old Mutual-beurs te verwerf. Die beurs bedra R600 en is vir twee jaar aan hom toegeken, wat hom dus in staat stel om onmiddellik na voltooiing van sy graad LL.B. vanjaar, met LL.D. aan te gaan.

Mnr. de Villiers het in 1960 aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B. Comm LL.B ingeskryf en het aan die einde van 1962 die graad B. Comm (Regte), met onderskeiding in Romeinse Reg en Romeins-Hollands Reg, behaal.

Benewens sy akademiese prestasies het mnr. De Villiers bekendheid in die studentelewe verwerf en het hom ook onderskei deur vanjaar vir die tweede keer lid van die Studenteraad te wees.

## Thalia-rollesing

'n Groot aantal eerstejaars het belangstelling getoon vir die Thalia-rollesing wat gehou is op Maandagaand, 2 Maart.

Die toneelstuk waarop besluit is, is „Die Onmoontlike Tweeling" en staan onder spelleiding van mev. Jan Louw. Daar is vyf mansrolle en ses damesrolle. Dit was veral in die damesrolle wat daar groot kompetisie was.

Die Eerstejaarskonsert sal gehou word op Woensdag, 16 Maart as deel van 'n program van Vreugdedag.

Dié konsert sal ook bestaan uit sang-, klavieritems en ander items.

## Meesterkonserte

Die Raad van die P.U. vir C.H.O. bied vanjaar weer ses meesterkonserte aan van wêreldberoemde kunstenaars, waarvan vyf reeds bekend is.

Op Vrydag, 13 Maart, tree Tamas Vasary, die Sweedse pianis, op in die eerste van die reeks konserte.

Presti en Lagoya, die wêreldberoemde ghitaarduo-paar tree in die tweede konsert op, op 15 April.

Die Suid-Afrikaanse dramatiese sopraan-veteraan, Cecilia Wessels, tree op in die derde konsert. Sy sal begelei word deur Helena van Heerden.

Kathleen Alister tree in trio op met harp, viool en fluit op Vrydag 19 Junie.

Dit uitstekende jong Duitse violis Edith Peineman tree op in die laaste konsert op Saterdag, 3 Oktober.

Die derde en vierde konserte is T.R.U.K. aanbiedinge.

Al die konserte word gehou in die konserwatoriumsaal en begin om agtuur namiddag.

Seisoenkaartjies vir konserte 1, 2, 3, 4 en 6 is vir studente teen twee Rand elke by die konservatorium verkrygbaar.

## Pietman Botha

Die Pukke is met reg trots op hulle atletiekkaptein Pietman Botha. Pietman het teen die einde van verlede jaar 'n groot opskudding veroorsaak toe hy die 100 tree in 9.6 sek. afgelê het. Dit verbeter sy vorige beste tyd vir die nommer met 0.2 sek. Pietman is eindelik beter bekend as 'n hekkiesloper. In 1961 was hy ook die Suid-Afrikaanse Junior kampioen oor die 220 tree hekkies. Hy spog met 'n tyd van 23.8 sek oor die 220 tree hekkies wat hy al by verskeie byeenkomste geewenaar het. Dit is dan ook die vinnigste tyd vir die afstand in S.A. hierdie seisoen. Hy is ook een van die bestes om die 440 tree hekkies en spog hier met 'n tyd van 53.2 sek.

Sy volharding en toegewydheid is bekroon toe hy verlede jaar verkies is tot lid van die Suid-Afrikaanse Universitêre span, wat teen 'n gekombineerde S.A. Magte span en gekombineerde Transvaal span en die besoekende Duitse span in die „toets" opgetree het.

# Pukke Vaar Goed In Tussen-Provinsiale Byeenkoms

Verskeie Puk atlete het goed gevaar in die driehoekige atletiekbyeenkoms tussen spanne van Noord-, Wes- en Suid-Transvaal.

Soos oudergewoonte was Pietman Botha weer die uitblinker nommer een toe hy die 220 tree hekkies op 'n stadige en swaar grasbaan gewen het in die pragtige tyd van 23.8 sek. Jurg van der Walt het mooi gehardloop in die 1 myl, waar hy die 4de plek behaal het in die tyd van 4 min. 26.4 sek. Willie le Roux het ook stewig vertoon om derde te eindig in die 220 tree na Jimmy Rabie en Judge Jeffreys in 21.9 sek.

Onder die dames was Elrien van Deemter, soos gewoonlik die staatmaker en het 3de gekom in die 80 meter hekkies vir dames.

Die Wes-Transvaalspan het ook die 4 x 440 tree aflos gewen in die goeie tyd van 3 min 20 sek. Twee Pukke, nl. Pietman Botha en Willie le Roux, het hier gehardloop.

## Gala was 'n sukses

Sommer vroeg in die jaar het die swemklub al bewys tot watter hoogtes dit nog kan voer. Vrydagaand 28 Februarie het die Pukke, aangemoedig deur groot ondersteuning, die Pote met oortuiging gewen in die swem en waterpolo. Die puntestand vir die swem was 69—52 in die guns van die Pukke, en die waterpolo is gewen met 20—4. Uitstaande swemmers was P. G. Venter, J. Venter, E. Whitley en E. Malherbe, terwyl J. Loock en D. White die meeste punte vir Pote ingepalm het. In die aflos was dit duidelik dat die Puk meer en beter swemmers het om sodoende eerste en tweede plek te vat.


**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**

*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*

NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU





# SPORTGESELSIE . . .

**AS PUKKE staan ons vanjaar weer aan die begin van 'n groot en nuwe sportjaar. As ons ons sport met ander Universiteite s'n vergelyk, dan moet ons met leedwese toesien dat die P.U. vir C.H.O. altyd tevrede moet wees om tweede viool te speel. Hierdie bewering verg diepere ondersoek en by nadere ontleding, merk mens dat die fout hoofsaaklik by die studente self gesoek moet word. Aan ons Universiteit is die belangstelling in sport uiters swak, en dit word nou hoogtyd dat ons 'n radikale verandering begin toon.**

Geagte sportlesers( daar is ongelukkig maar min van nulle) kan u dit werklik begryp dat ons honderde studente hier het wat hoegenaamd aan geen sportsoort deelneem nie en selfs op die ander terreine van die studentelewe as 'n ronde nul gereken kan word? Ja, natuurlik, Saterdagmiddae lê genoeg Pukke by die fliek en die dam rond terwyl daar miskien atlete is wat na maande se harde oefeninge hul beste prestasie ter plaatse behaal. Daar is ook geensins belangstelling vir 'n klompie tennisspelers nie wat hul Universiteit se naam op die tennisbaan hooghou; of miskien vyftien moeë dog fikse rugbyspelers wat 'n barshou op Olënpark speel; of miskien elf krieketspelers wat sonder enige belangstelling van die studentemassa op hul eie tweederangse tuisveld moedig terugveg teen goeie spanne en dan nog jou werklik waar 'n oorwinning kan beklink; of miskien speel daar 'n mans- of dames hokkiespan en veg hulle soos Trojane om bo-aan die Wes-Transvaalse punteleer te eindig; en so kan ons die Swemklub, Sokker, Stoei, Judo, Skerm, Gimnastieg, Tafeltennis, Pluimbal, Korfbal, Jukskei, Bofbal of enige ander sportklub opnoem.

Dit gaan dus daarom dat ons geen bloue duit vir sport omgee nie en die beoefening daarvan liewer aan ander wil oorlaat. Ons wil eerder windmakerig wees en op eerstejaars skreeu en met die mins moontlike inspanning wil ons graag al die eer ontvang.

Kom Pukke laat ons almal wys wat daar in ons steek en laat ons nou besluit om aan minstens een sportsoort vanjaar deel te neem. Mag 1964 'n vrugbare sportjaar vir ons almal wees.

RY-DAN.

## Pukke maak Dorp goed skrik

Die Eerste Krieketspan het die pas afgelope twee Saterdae weer eens stewig vertoon. Hulle het naamlik daarin geslaag om 'n eerste beurt oorwinning teen Potchefstroom Dorp te behaal. Die Puk-span het eerste gaan kolf en hulle was almal uit vir 113 lopies waarvan Hennie Bouwer 29 en Gerhard Scholtemeijer 21 nie uit nie, aangeteken het.

In hul eerste beurt behaal Dorp 79 lopies. Johann Vorster spog met 'n boulontleding van 5 vir 27. In hul tweede beurt verklaar die Pukke met hul telling 122 vir die verlies van sewe paaltjies. Willie Roux was in daardie stadium 23 nie uit nie en die held van die dag groot Lappies Labuschagne was nog daar met 39 nie uit nie. Hy was slegs 12 minute voor die penne en het vier reuse sesse en drie viere aangeteken. Sy vennootskap met Roux het 51 lopies bedra. Dorp moes 155 aanteken om te wen en met sluitingstyd was daar reeds ses manne terug in die pawiljoen vir 'n skamele 62 lopies met Johann Vorster, P.U. se beste bouler (3 vir 8). Hiermee het die Pukke drie waardevolle punte op die punteleer ontvang.


PAN COETZEE
Mans- en Sport-Uitrusters
TEL. 899
POTCHEFSTROOM
★
P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS




Hentie Joubert het ook saam getoer na die Grens en O.P. tydens die pas afgelope atletiektoer. Hy was nie heeltemal fiks nie, maar vaar goed in die 440 tree.

# Puk-Atlete Op Wes- en Noord-Transvaal Kampioenskappe

Hoewel die atlete besig is met 'n baie intensiewe oefeningsprogram, is daar tog verskeie vertonings van hoogstaande gehalte gelewer op die Wes - Transvaal Kampioenskappe op Saterdag 29 Februarie te Potchefstroom.

Willie Coetzee het getoon dat hy weereens fiks is, en 'n pragtige vertoning is deur hom gelewer in die 120 tree hekkies, deur tweede te eindig in die tyd van 14.8 sekondes.

In verskeie nommers was daar meer as een Puk in die finaal. So byvoorbeeld in die 220 tree hekkies was daar twee atlete, nl. Pietman Botha en Andries du Plooy, wat onderskeidelik derde en vierde geëindig het. So ook in die 440 tree vir mans was daar twee atlete, nl. Hentie Joubert wat dié nommer gewen het in 49.1 sekondes en Willie le Roux, beter bekend as 'n naelloper, stel 'n tyd van 50.6 sek. op.

Nog 'n mooi prestasie is gelewer deur Trevor George wat die 100 tree sowel as die 220 tree O/19 gewen het in die tye van 10.2 en 22.1 sekondes respektiewelik.

Pietman Botha het ook goed gehardloop om tweede te eindig in die 440 tree hekkies. Die ander atlete het ook goed gevaar, hoewel hulle nie plekke kon behaal nie.

**NOORD-TRANSVAAL**

Met die Noord-Transvaal Kampioenskappe op Pretoria, Saterdag 7 Maart, het Pietman Botha weer stewig vertoon deur die 440 tree hekkies te wen in die goeie tyd van 53.3 sekondes. Hy was ook tweede in die 220 tree hekkies in 24.7 sek. Willie Coetzee was derde in die 120 tree hekkies in 14.8 sek.

Dit is jammer dat Willie op die oomblik sukkel met 'n beseerde enkel, anders sou hy nog beter gevaar het. Onder die dames het Laureen Human tweede gekom in die gewigstoot vir dames. Baas Buys het vyfde gekom in die 880 tree vir mans in die goeie tyd van 1 minuut 57 sekondes.

# P.U.-Atlete Vertoon Goed

Verskeie goeie vertonings is op Saterdag 29 Februarie tydens die Wes-Transvaalse kampioenskappe op die Bill Swart-Swart-ovaal deur Pukatlete gelewer.

Trevor George het in die O/19-nommers koning gekraai toe hy beide die 100-tree en 220-tree gewen het. Sy tye was 10.2 sek. en 22.1 sek. onderskeidelik. Willie Coetzee het puik vertoon in die 120-tree hekkies en 'n tweede plek behaal met 'n tyd van 14.8 sek. Hentie Joubert, wat stadig besig is om fiks te raak, het die kwartmyl gewen in 49.1 sek., terwyl Willie le Roux vierde was in dieselfde nommer.

**EERSTEJAAR**

'n Eerstejaar-atleet, H. Mulder, het die goeie afstand van 175 vt. in die senior spiesgooinommer behaal. Goeie vertonings is ook gelewer deur Pietman Botha (wat duidelik nie op sy beste was nie, Leendert Snyman, Andries du Plooy en D. Niemand.

Die dames, by name Elrien van Deemter, Elna Bos en Loureen Human, het ook die oog gevang met mooi vertonings.

## MOOI GEBAAR . . .

★ Ons verneem van 'n baie mooi gebaar van die Rugbyklub se kant af. Op die jaarvergadering van hierdie klub wat op 17 Februarie gehou is, is naamlik besluit dat die pos van ere president van die klub, wat die afgelope paar jaar deur wyle mnr. Vaatjie du Toit beklee is, vanjaar vakant gelaat sal word as eerbetoon jeens laasgenoemde. Wyle mnr. Du Toit was 'n baie bekende figuur in Puk-rugbykringe en dit is gepas dat sy nagedagtenis op hierdie wyse gehuldig word.

## Uitspan spog

UITSPAN het verlede Vrydag weer eens bewys dat sy gelyke nog gevind moet word. In 'n koshuis-liga wedstryd het die eerste span van Uitspan alles wat nog krieket was uit Dawie Dup gemoker. Dawie Dup het eerste gaan kolf en 74 lopies aangeteken waarvan Harry Meadon 15 lopies behaal het. Dries Coetzer het vier penne vir 12 lopies laat kantel. Uitspan het die gevraagde aantal lopies met die grootste gemak opgestapel en 75 vir vyf paaltjies daar gestel (Dries Coetzer 33 nie uit nie en Nic Vreken 23). Uitspan wen dus met vyf paaltjies en toon aan die buite wêreld hulle gees en vernuf.

# Gimnastiekklub Toer Weer

Vanjaar sal dit die tweede keer wees dat die P.U.-Gimnastiekklub die apparaat op die bus laai en in die pad val. Die vorige toer is in 1962 onderneem. Die toer begin op die 25ste Maart op Schweizer-Reneke en nadat ons 'n groot draai gery het eindig die toer die 7de April op Bothaville. Daar sal elf vertonings gelewer word en afgesien van die lekker van so 'n toer, lê daar dus harde werk voor.

Die toergroep, wat bestaan uit tien dames en tien mans, oefen reeds hard en slegs hier en daar moet die afrondingswerk nog voltooi word. Gedurende die reis sal ons die naam van die P.U. vir C.H.O. hoog hou en hoop om sommer baie Pukke langs die pad te sien. Ons nooi hulle vriendelik uit om ons vertonings by te woon indien ons dalk hul tuisdorp aandoen.

Ook ons hartlike dank aan mnr. Paul Buys vir die organisasie wat hy so puik behartig het.

Baie dankie,

P. W. VORSTER.

**GIMNASTIEK TOERPROGRAM**

Schweizer-Reneke — Woensdag 25 Maart 1964.
Vryburg — Donderdag 26 Maart 1964.
Kuruman — Saterdag, 28 Maart 1964.
Sishen — Maandag 30 Maart 1964.
Postmasburg — Dinsdag, 31 Maart 1964.
Daniëlskuil — Woensdag, 1 April 1964.
Barkley-Wes — Donderdag, 2 April 1964.
Vaalharts — Vrydag, 3 April 1964.
**Warrenton — Saterdag, 4 April 1946.**
Hoopstad — Maandag, 6 April 1964.
Bothaville — Dinsdag, 7 April 1964.

## Oudames wen

Tydens die eerste amptelike hokkiewedstryd van die jaar wat plaasgevind het tussen oudames en eerstejaars, het eersgenoemdes die pas ontluikte eerstejaars 6—1 geklop.

Die wedstryd het afgespeel in uiters ongunstige hokkieweer, en die hitte het uitputtend gewerk op albei spanne se speelsters.

Die oudames het goed gespeel met hul welbekende en ervare Buddy Howell as aanvoerder en uitblinker, en sy het dan ook self vier van haar span se pragdoele geskiet. Die ander twee doele is onderskeidelik aangeteken deur die oudames se kapteine, Esté Martins, en Rina Alberts.

Die eerstejaars het belowende hokkietalent onder hulle, en speelsters soos Laura Benadé, Jill Ivey en Annatjie de Beer kan met belangstelling dopgehou word. Hulle aldrie het al provinsiale skoolhokkie gespeel, en Annatjie het vir haar span se enigste doel gesorg. Die eerstejaarspan as geheel kon nie kombineer nie maar het nogtans hier en daar opflikkerings getoon in hul verbete stryd.

Die dameshokkie blyk belowend te wees en daar mag groot hoogtepunte bereik word hierdie jaar.


*Dit is die snit wat tel . . .*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies



J. Tod Suttie
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 1

GIESELA MAIWALD
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

Die Bruidshoekie
*Die winkel vir die Bruid en haar gevolg*
TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106

# Atletiektoer na Grens en Oostelike Provinsie



AGTER (l.—r.): B. Buys, H. Joubert, P. Botha, J. S. K. Bosman, W. Coetzee, P. Wolmarans.
MIDDEL: L. Snyman, A. du Plooy, W. le Roux, T. George, D. Niemand.
VOOR: Mejj. L. Human, E. Bos, G. Bester, T. Snyman.

**DIE afgelope vakansie het die P.U. atletiekklub 'n baie geslaagde toer na die grens en O.P. onderneem. 'n Span bestaande uit sestien atlete het die 6e Februarie vertrek en arriveer die 7e Februarie in Oos-London. Saterdag 8 Februarie het die span deelgeneem aan die klubkampioenskappe van die Cambridge Harriersklub in Oos-Londen, T.s.v. gure weersomstandighede het die Puk atlete mooi presteer en agt van die sewentien items gewen en talle tweede en derde plekke behaal. P. Botha het sy verjaardag gevier met oorwinnings in die 220 en 440 treë hekkies, terwyl Baas Buys die 880 treë gewen het en tweede was in die myl. Hentie Joubert het daarna goed vertoon om die kwartmyl te wen. P. Wolmarans het die hoogspring gewen met 'n hoogte van ses voet terwyl T. George homself oortref het in die 220 tree onder 19 waar hy die Grens Skolekampioen geklop het. Die Puk atlete het ses wisseltrofeë ontvang asook talle ander bekers en sertifikate.**

Die span vertrek hiervandaan na Port Elizabeth waar hulle aan die tweede en laaste byeenkoms deelgeneem het. Baas Buys het hier die vinnigste tyd in die 880 treë opgestel nl. 1 min. 57.3 sek., terwyl T. George 'n voormalige S.A. onder agtien kampioen in die 100 treë onder 19, geklop het in 'n tyd van 10.1 sek. wat ook die huishoudelike O.P. rekord ewenaar. Willie Coetzee het bemoedigend vertoon na sy besering aan die begin van die seisoen en die 120 treë hekkies gewen. P. Wolmarans het die hoogspring gewen terwyl E. Bos haar verjaarsdag herdenk het met 'n prag oorwinning in die 80 meter hekkies. P. Botha het die 220 en die 440 treë hekkies gewen. Hentie Joubert het die tweede plek behaal in die 440 treë na 'n kwaai stryd met Springbok Angus Mckay. Goeie vertonings is gelewer deur Willie le Roux, Gerda Bester, Andries du Ploy, Laureen Human en Leendert Snyman. Die span het sy vertoning afgesluit deur 'n prag oorwinning in die 4 x 440 treë aflos.

Die span het baie van sy goeie prestasies te danke aan die ywer van die afrigters nl. Oom Koos Bosman en mej. G. Bester wat ten alle tye gepoog het om die atlete te help waar hulle kon.

Verskeie ander atlete soos Elrien van Deempter, Danie van Wyk, Andries du Plooy en Baas Buys het goeie vertonings gelewer. Nie minder as 15 Puk atlete is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig in 'n interprovinsiale kragmeting die volgende Saterdag.

ONTHOU . . .
GRADEPLEGTIGHEID
is naby!
★
Bespreek vir
'n
PORTRETSTUDIE
Gisela Maiwald
Tomstr. 100 Telefoon 3099
POTCHEFSTROOM

## Rugbytoerplan bekend

Die Puk se eerste rugbyspan gaan vanjaar weer 'n toer onderneem gedurende die Junie-Julievakansie, en wel deur Noord-Transvaal. Die span sal op 24 Junie vertrek en in die volgende drie weke die volgende wedstryde speel:

Saterdag 27 Junie, teen Messina;
Woensdag 1 Julie, teen Tsaneen;
Saterdag 4 Julie, teen Pietersburg;
Woensdag 8 Julie, teen Potgietersrus;
Saterdag 11 Julie, teen Nylstroom;
Maandag 13 Julie, teen Groblersdal.

Op ongeveer 16 Julie sal die span weer na Potchefstroom terugkeer.

Waar die toer weer net voor Intervarsity plaasvind, behoort dit soos in die verlede weereens 'n welkome inspuiting vir ons rugby te wees voor ons die Kovsies gaan aandurf.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
TRANSVALIA MEUBELS
Tel. 2157 Kerkstraat 180
POTCHEFSTROOM
„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# VIER ATLETE IN TOETS

Nie minder as vier Puk-atlete is gekies in die Protea-atletiekspan tydens 'n nie-amptelike atletiek „toets'' teen die besoekende Duitse atletiekspan gedurende November verlede jaar.

Jurg van der Walt is gekies in die een myl en het hom goed van sy taak gekwyt en die derde plek behaal. Hentie Joubert het ewe eens verbaas toe hy t.s.v. sy onfiksheid ook 'n derde plek in die 440 tree behaal het.

P. Botha het goed genael en die 220 treë hekkies in 23.8 sek gewen, die vinnigste in Suid-Afrika hierdie seisoen. In die 440 treë hekkies was hy tweede na Johan Swart in 53,2 sek. Willie le Roux het goed gehardloop in die 220 treë, en sy 440 treë in die 4 x 440 treë aflos sal nog lank onthou word. Twee Pukke het in hierdie aflos gehardloop, nl. Willie le Roux en P. Botha, en saam met Sep Serfontein en Johan Swart het hulle die tweede vinnigste tyd aangeteken, wat nog ooit deur 'n span in Suid-Afrika behaal is in hierdie nommer, nl. 3 min. 14 sek.

Drie Normaal-studente wat graad volg op die Puk, nl. E. van Loggerenberg, Nic Prinsloo en Gert Swart is ook tot die span verkies.

# Pukke skitter tydens Toernooi

**DIE Eerste Krieketspan van die P.U. vir C.H.O. het 'n besondere geslaagde Toernooi agter die rug. Hulle het gedurende Desembermaand as gashere opgetree en hulle is uit alle oorde lof toegeswaai vir die puik manier waarop die reëlings getref is. Wat die krieket as sodanig betref, het die Pukke onder omstandighede goed gevaar.**

Was dit nie vir die reën nie, sou U.P. beslis met die kous oor die kop huis toe gestuur gewees het. Reinie Monster het sy span se beurt gesluit verklaar met 201 lopies op die telbord vir die verlies van 8 paaltjies (Hennie Bouwer 56). Nadat reën die wedstryd vertraag het, was U.P. aan die einde van die dag se spel in die verknorsing met 112 lopies vir die verlies van 6 paaltjies. Dit was beslis 'n morele oorwinning vir die Pukke.

Teen Natal was dit weer eens Hennie Bouwer wat uitgeblink het. Die Pukke was almal uit vir 62 waarvan hy 25 nie uit nie aangeteken het. In antwoord op Natal se 197 vir 4 verklaar, kon ons in die tweede beurt slegs 63 aanteken waarvan Reinie Monster 17 lopies aangeteken het.

In 'n spannende wedstryd teen UKOVS slaag die Pukke daarin om die oorwinning met 20 lopies te behaal. Ons was almal uit vir 143 lopies waarvan Johan Vorster 'n pragtige 49 lopies behaal het. Die Vrystaters was almal terug in die pawiljoen vir 123 waarvan Niek van der Walt ses penne platgetrek het vir 26 lopies. Met hierdie poging het hy as belonnig 500 sigarette van U.T.C. ontvang.

Teen Rhodes was dit weereens Hennie Bouwer wat geskitter het. Toe Rhodes almal uit was vir 168 lopies, het Hennie ses paaltjies omgekap vir die verlies van 44 lopies. Ook hy is bekroon met 500 sigarette. Ons kon nie die mas opkom teen Glen Hall se vernietigende boulwerk nie (6 vir 34) en was almal uit vir 79 (Piet Hugo 1g). In die tweede beurt was ons aan die einde van die dag se spel nog daar met die telling 95 vir die verlies van nege paaltjies (Niek van der Walt 42 nie uit nie).

Die spannendste wedstryd was seker dié een teen Maties. Hulle slaag daarin om 190 vir nege aan te teken, met Gerhard Scholtemeijer ons beste bouler (5 vir 43). Die Pukke gaan toe kolf en met nog drie minute speeltyd oor, slaag die Maties daarin om ons laaste kolwer terug pawiljoen toe te stuur met die groottotaal op 111. Dit het die Stellenbosch manne 50 minute geduur om van 'n fantastiese 9e paaltjie vennootskap tussen Willie Roux (31) en Boet Benade (11 nie uit nie) ontslae te raak.

Die Vrydagaand by die dinee het die Pukke se harte weereens geswel van trots toe Hennie Bouwer vir die tweede agtereenvolgende jaar daarin slaag om die S.A. Universiteite se tweede Elftal te haal. Ons sê aan hom: Baie geluk!

## P.U. atlete lewer goeie vertonings

Verskeie goeie vertonings is deur atlete van die P.U. atletiekklub gelewer tydens bg. byeenkoms.

Die 100 treë is gewen deur P. Botha in 9.6 sek. wat sy persoonlike beste tyd van 9.8 met .2 sek. oortref en wat ook een van die vinnigste tye oor die 100 tree in die Republiek is hierdie seisoen. Hy het ook die 220 treë hekkies gewen in 24.1 sek. Willie (Losjos) le Roux was tweede in die 100 tree in 9.7 sek. Hy het 'n skitterende 220 tree gehardloop in 'n tyd van 21.8 sek. en daarmee die rekord wat sedert 1954 agter Springbok Willie Nel se naam staan, geëwenaar.

Jurg van der Walt het daarna ewe spoggerig vertoon en die 880 treë gewen in die vinnige tyd van 1 min. 56.9 sek.



VOOR (l.—r.): Willie Roux, Gerhard Scholtemeyer, mnr. Charles Bamberger (Bestuurder), Reinie Monster (Kaptein), Boet Benade.
AGTER: Bossie Snyman, Jona Viljoen, Jan de Wet, Niek van der Walt, Johan Vorster, Piet Hugo, Bok Marais.